

19 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 85

'n Lewenspsalm met 'n lewende hoop

Psalm 85 is 'n lewenspsalm. Elke gelowige kan sy eie lewe daarin herken. Daar is 'n beweging in hierdie Psalm wat elke gelowige telkens in sy lewe deurloop: onthou (vers 2-4), smee (5-8), luister (9-10) en verwag (11-14).

Onthou die verlossing wat die Here gegee het en dank Hom daarvoor. Onthou veral dat Hy ons sondes vergewe en ons genadig is.

Smee die Here om Hom weer oor ons te ontferm – om weer te vergewe, maar ook: "Wil U nie weer vir ons die lewe nuut maak sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie?" (vers 7).

Luister na die Here se beloftes van heerlikheid en vrede in sy Woord. Ons is nou nog gered in hoop (Rom 8:24), maar eendag sal die volle heil en verlossing aanbreek.

Verwag 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarop geregtigheid woon. Hier in vers 11-14 is een van die heerlikste beskrywings van die toekoms wat die Here gaan gee: "Liefde en trou sal mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels". Alleen God kan dit gee. Wanneer al die weldade van sy verbond saam in volkomenheid teenwoordig is, breek die heerlikheid aan. Hemel en aarde word weer een: "...trou sal uit die aarde opspruit, geregtigheid sal uit die hemel afkom."

Dit is die hoop waarmee ons lewe wanneer ons gelowig onthou, smee en luister!

Sing: Skrifberyming 23(2):1,4,5 Dr F van der Walt (Bellville-Oos)